

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

KIMBERLEY
SAAKNOMMER: CA&R 141/2000

DATUM GELEWER: 19-10-2001

In die saak tussen:

KOMMISSARIS: SUID AFRIKAANSE
INKOMSTEDIENS

Appellant

en

P Z OBERHOLZER

Respondent

CORAM: BUYS R et KGOMO R et MAJIEDT R

UITSpraak

Majiedt R:

1. Die regsaspek vir beslissing in hierdie appèl handel oor die uitleg van die woord “*waarde*” soos vervat in paragraaf 4(1)(b)(i) van die Eerste Bylae tot die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962, hierin verder na verwys as “*die Wet*”). Dié betrokke

aspek is, sover ek kon vasstel, *res nova*.

2. Die Respondent het gedurende die belastingjaar 1994/95 begin om 'n volskaalse boerdery te beoefen; voorheen en meer bepaald tot 28 Februarie 1994 (die einde van die voorafgaande belastingjaar) het hy boerdery bloot as 'n stokperdjie beoefen. Dit is gemene saak dat die Respondent uit hoofde van die voorafgaande belastingpligtig geword het as 'n boer vanaf die 1994/95 belastingjaar.
3. Vir die 1994/95 belastingjaar het die Respondent in sy belastingopgawe die waarde van sy aanvangsvoorraad van lewende hawe teen markwaarde as uitgawe afgetrek. Die Appellant het hierdie uitgawe geweier en het dit slegs toegestaan teen standaardwaarde.
4. Die Respondent het hierteen geappelleer en die Inkomstebelasting Spesiale Hof by monde van Steenkamp R (soos hy toe was) het die appèl gehandhaaf.
Die Appellant kom nou in hoër beroep teen hierdie bevinding.
5. Ingevolge artikel 26(1) saamgelees met artikel 22 van die Wet moet 'n belastingpligtige wat boerdery bedryf **en inkomste daaruit verkry** se inkomste bereken word aan die hand van die bepalinge vervat in die Eerste Bylae van die Wet.

Sien: **Sekretaris van Binnelandse Inkomste v Aveling**
1978(1) SA 862(A) te 877D.

Paragraaf 2 van die voormelde bylae vereis van 'n boer dat hy in sy belastingopgawe die waarde insluit van alle lewende hawe of produkte wat hy aan die begin en die end van elke jaar van aanslag besit en nie van die hand gesit het nie.

6. Ten einde Respondent se inkomste vir belastingdoeleindes te bereken, moet daar ag geslaan word op die bepalings vervat in paragraaf 3(1) van die Eerste Bylae. Hierdie paragraaf lees as volg: -

“(1) Behoudens die bepalings van subparagrafe (2) en (3), word die waarde van lewende hawe of produkte wat aan die end van die jaar van aanslag besit word en nie van die hand gesit is nie, by die inkomste vir daardie jaar van aanslag ingereken, en word die waarde van lewende hawe of produkte, soos ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 4 vasgestel wat aan die begin van die jaar van aanslag besit was en nie van die hand gesit was nie, as 'n aftrekking van bedoelde inkomste toegestaan.”

Subparagrafe (2) en (3) is nie ter sake in hierdie aangeleentheid nie.

7. Paragraaf 4 van die Eerste Bylae vind toepassing waar bepaal moet word wat die beginwaarde van die lewende hawe is.
Paragraaf 4 se tersaaklike bepalings lees as volg: -

“4(1) Die waardes van lewende hawe en produkte wat aan die begin van ‘n jaar van aanslag besit word en nie van die hand gesit is nie, word behoudens die bepalings van subparagraaf (2) –

a) In die geval van ‘n boer wat op die laaste dag van die jaar wat die jaar van aanslag onmiddellik voorafgaan besig was om boerdery te beoefen, geag die som te wees van –

i) die waardes van lewende hawe en produkte wat hy aan die end van die jaar wat die jaar van aanslag onmiddellik voorafgaan, besit het en nie van die hand gesit het nie; en

ii) die markwaarde van lewende hawe of produkte wat so ‘n boer gedurende die lopende jaar van aanslag op ‘n ander wyse as deur aankoop of natuurlike aanwas of in die gewone loop van boerdery verkry het; of

b) in die geval van ‘n persoon wat gedurende die jaar van aanslag met boerdery begin of weer daarmee begin, geag die som te wees van –

i) die waarde van lewende hawe of produkte wat hy aan die end van die dag wat die datum onmiddellik voorafgaan waarop hy aldus begin of weer begin het, besit het en nie van

die hand gesit het nie; en

- ii) die markwaarde van lewende hawe of produkte behalwe lewende hawe of produkte in subitem (i) bedoel wat so 'n persoon gedurende die jaar van aanslag op 'n ander wyse as deur aankoop of natuurlike aanwas of in die gewone loop van boerdery verkry het.”*

8.1 Paragraaf 5(1) van die Eerste Bylae bepaal as volg:

“(1) Die waarde wat vir die doeleindes van hierdie Bylae op lewende hawe gestel moet word, is behoudens die bepalings van paragraaf 4(1) en subparagraaf (2) van hierdie paragraaf

- (a) met betrekking tot lewende hawe wat aan die end van die jaar van aanslag eindigende op 28 Februarie 1982 besit word en nie van die hand gesit is nie –*

- i) ten opsigte van aangekoopte aanteelvennootskappe, soos in subparagraaf (1A) omskryf, wat gedurende die jaar van aanslag geëindig op 28 Februarie 1981*

of eindigende op 28 Februarie 1982 deur die boer verkry is, die koopprys deur die boer ten opsigte van die vee aangegaan, min 'n bedrag gelyk aan –

aa) vyf-en-sewentig persent van bedoelde koopprys, indien bedoelde lewende hawe gedurende die jaar van aanslag geëindig op 28 Februarie 1981 deur die boer verkry is; of

bb) vyftig persent van bedoelde koopprys, indien bedoelde lewende hawe gedurende die jaar van aanslag eindigende op 28 Februarie 1982 deur die boer verkry is; en

ii) ten opsigte van ander lewende hawe as dié in subitem (i) bedoel, die standaardwaarde wat op die lewende hawe van toepassing is; en

(b) met betrekking tot lewende hawe wat aan die end van die jaar van aanslag eindigende op 28 Februarie 1983 of 'n daaropvolgende jaar

van aanslag besit word en nie van die hand gesit is nie, die standaarwaarde wat op die lewende hawe van toepassing is.”

- 8.2 Dit is gemene saak dat Steenkamp R in sy uitspraak paragraaf 5(1) verkeerdelik in sy gewysigde vorm toegepas het. Hierdie wysiging is ingevoer deur artikel 31(1)(a) van Wet 36 van 1996. Ingevolge artikel 45 van die voormelde Wet word hierdie wysiging egter eers geag in werking te getree het met ingang van die begin van die jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 1997 eindig.

In casu het ons te make met ‘n aanslag vir die 1994/95 belastingjaar en moes paragraaf 5(1) dus in sy ongewysigde vorm toegepas gewees het.

Mnr. Lewis, wat namens die Appellant voor ons verskyn het, het heeltemal tereg toegegee dat hierdie foutiewe toepassing geen verskil maak in die uitleg van die bepalings nie, veral dié van paragraaf 5(1) (ongewysigd) saamgelees met paragraaf 4(1).

- 8.3 Hierdie is die enigste bepaling waar die woord “*waarde*” nader toegelig word in die Wet en die tersaaklike Bylae daartoe.

Paragraaf 5(1) self los egter nie die probleem op nie, omrede die uitsonderings voorgehou daarin van naderby betrag moet word.

Subparagraaf 5(2) handel met die sekwestrasie van 'n boer se boedel en die likwidasie van 'n maatskappy en is gevolglik nie van toepassing nie. Wat dus oorbly is paragraaf 4(1) se bepalings, waarna hierbo verwys is.

9. Steenkamp R het *a quo* ten gunste van die Respondent beslis hoofsaaklik aan die hand van : -

- 9.1 die uitleg van die woord “*waarde*”, deur daaraan met toepassing van die goue reël van wetsuitleg sy gewone alledaagse betekenis te gee, te wete markwaarde; en
- 9.2 verskeie anomalieë wat sou volg indien aan die woorde “*waarde*” die betekenis van standaardwaarde te heg.

Mnr. Lewis het aan die hand gedoen dat die voormelde bevinding verkeerd is en het hy die anomalieë wat die geleerde Regter in die Hof *a quo* uitgewys het, aangespreek. Ek sal aanstons met sy betoog handel. Mnr. Van Niekerk, wat vir die Respondent verskyn, ondersteun Steenkamp R se bevinding en het verdere motivering verskaf waarom “*waarde*” nie standaardwaarde in die tersaaklike paragraaf kan wees nie. Ek meen, met respek, dat die benadering van Steenkamp R deur aan die woord “*waarde*” sy gewone alledaagse betekenis te gee, 'n sinvolle en navolgenswaardige benadering is. Ek is ook die mening toegedaan dat daar verdere gronde is waarom die

appèl nie kan slaag nie. Op hierdie stadium volstaan ek daarmee dat, as die goue reël van wetsuitleg wel toegepas word soos wat Steenkamp R gedoen het, dan is “*waarde*”, in sy gewone en alledaagse betekenis, markwaarde. Gesag daarvoor is te vinde in ondermeer die volgende gewysdes: -

Pietermaritzburg Corporation v South African Breweries Ltd

1911 AD 501 te 511 waar de Villiers RP as volg beslis het:

“When the legislature prescribes that the value of the property has to be determined, it refers to the exchange value of the property, in other words, the amount of money for which the property can be exchanged or sold. It remains to consider whether this exchange value is the temporary or market value of the property, or whether it is what has been called its permanent or natural value, to which the market value after every variation tends to return. In the absence of any provision to the contrary, I am of the opinion, we must take the word “value” in ***its more ordinary meaning of temporary or market value***” (die beklemtoning is myne).

In ***Van der Merwe N.O. van der Merwe*** 1973(1) SA 436(K) op 439E-F het Corbett R (soos hy toe was) as volg beslis:

“Having regard then to what I conceive to be the ordinary meaning of the word ‘value’ and to the strongly persuasive views expressed by the learned Judges in the case of Garda v Bonato, I am of the view that when the Legislature referred in sec. 29(1)(a) to property not exceeding one thousand rand in value, it had in mind the actual market value of the property in question.”

In ***Boland Bank Bpk. v Picfoods Bpk. en andere*** 1987(4) SA 615(A) te 633 I-J, is “*waarde*” in Par. 15(5)(c)(iii) van Bylae 1 van die Wet op Sëelregte (Wet 77 van 1968) deur Hoexter AR uitgelê as “*markwaarde*”.

10. Die volgende anomalieë wat ontstaan met die toepassing van standaardwaarde by die woord “*waarde*” word voorgehou deur Steenkamp R in sy uitspraak:

- 10.1 Die Respondent sou hierdie uitleg maklik kon omseil deur sy lewende hawe te verkoop en dan weer lewende hawe vir dieselfde bedrag aan te koop. Die verkoopprijs van die lewende hawe sou dan nie belasbaar wees as inkomste nie, omdat dit kapitaal is wat die Respondent van die hand gesit het en derhalwe nie belasbaar is nie. Daarteenoor sou die aankoopprys van die lewende hawe aftrekbaar wees as ‘n uitgawe ingevolge par. 8(1) van die Eerste Bylae se bepalings. Die gevolg daarvan sal wees dat die wetgewing doelloos en oneffektief sal wees.

- 10.2 Indien die Respondent sou besluit om op te hou boer of ophou om ‘n *bona fide* boer te wees, of indien hy tot sterwe sou kom, moet sy lewende hawe teen markwaarde verkoop word en sal dié inkomste belasbaar

wees. Dít nieteenstaande die feit dat hierdie lewende hawe kapitaal daargestel het wat die Respondent besit het toe hy begin boer het. Hierdie sou dan lei tot 'n onbillike en onredelike gevolg.

Par. 4(1)(b)(i) van die Eerste Bylae verwys na die waarde van produkte, welke waarde kragtens par. 9 van die Eerste Bylae se bepaling deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste vasgestel moet word (daar word nie vir standaardwaardes vir produkte voorsiening gemaak nie). Op die waarskynlikhede sou die Kommissaris markwaarde as norm gebruik – in daardie geval behoort die markwaarde van lewende hawe ook te geld.

Standaardwaardes is slegs op lewende hawe van toepassing en is dit 'n waarde wat tans ver benede die markwaarde van lewende hawe is. Daar sou dus van die Wetgewer verwag gewees het om in 'n bepaling van die Eerste Bylae pertinent na standaardwaarde te verwys waar dit toepassing vind, anders sou dit tot 'n anomalie lei.

Wat hierdie laasvermelde anomalie aanbetref verwys Steenkamp R na ***Meyerowitz & Spiro on Income Tax***, te par. 1338 waar die volgende voorgehou word:

“To construe ‘value’ as ‘standard value’ creates the anomalous situation that livestock whose market value is x must be brought in at its standard value y

because it was held the day before farming commenced or recommenced, while livestock acquired on the day when farming commenced otherwise than by purchase, etc. must be valued at the market value x and not at the standard value y. The purpose of paragraph 4(1)(b) is to permit the taxpayer who commences or recommences farming to obtain a deduction in respect of livestock introduced into his farming operations. There appears to be no good reason why, for this purpose, there should be any differentiation in the basis of value between livestock acquired before farming commences or recommences and livestock acquired after this other than by purchase, natural increase or in the course of farming operations, and insofar as paragraph 5(1) before its amendment required this anomalous situation, the change removes the link between that paragraph and paragraph 4(1)".

- 11.1 Mnr. Lewis se antwoorde op die anomalieë wat Steenkamp R na verwys het, is dat wat die eerste twee aanbetref, die fout in Steenkamp R se beredenering daarin geleë is dat hy die lewende hawe as kapitaal aanmerk. Volgens mnr. Lewis is

hierdie lewende hawe nie kapitaal nie, maar wel handels voorraad.

In dié verband het hy ons verwys na die beslissing in:

R Koster & Son v Commissioner for Inland Revenue
1985(2) SA 834 (A) te 843I-J.

11.2 Ek meen dat mnr. Lewis gelyk gegee moet word ten aansien van die eerste anomalie. Lewende hawe is handelsvoorraad, die enigste voorbehoud is dat dit aangewend word vir die boerse boerdery bedrywighede;

Koster-saak, *supra*, te 843 G;

Sekretaris van Binnelandse Inkomste v Aveling, *supra*, te 877D;
Meyerowitz & Spiro, op cit., te par. 1312.

Die enigste lewende hawe wat aangemerkt kan word as bedryfskapitaal is byvoorbeeld die melkkoeie van 'n suiwelboer (dus wat nie vir herverkoop aangekoop is nie).

Sien: **Meyerowitz & Spiro**, op cit, te par. 1311;

Arendse et al : Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2001 te par. 17.4 (bl. 407).

11.3 Wat die tweede anomalie aanbetref is Mnr. Lewis slegs gedeeltelik korrek in sy submitisie. Die lewende hawe is weliswaar handelsvoorraad en nie kapitaal (soos deur Steenkamp R voorgehou) nie, maar die gevolgtrekking bly dieselfde naamlik dat 'n onbillike en onredelike gevolg

teweeggebring word.

- 11.4 Die verdere twee anomalieë wat deur Steenkamp R voorgehou is, skep egter aansienlik meer probleme aan mnr. Lewis. Vir die derde een (sien par. 10.3 hierbo) het mnr. Lewis toegee dat hy geen antwoord daarop het nie. Wat die vierde anomalie aanbetref (sien par. 10.4, *supra*), steun mnr. Lewis vir sy antwoord op die beslissing in ITC 55(1926): SATC 176 te 177, (aangehaal deur Steenkamp R) waar die oogmerk van standaardwaardes uitgespel word. Hierdie betoog beantwoord egter hoegenaamd nie Steenkamp R se vraag nie, te wete – waarom verwys die Wetgewer nie pertinent na standaardwaarde waar dit van toepassing is in die Eerste Bylae nie?

Samevattend dus op hierdie aspek: - ek meen dat daar, met respek, heelwat te sê is vir Steenkamp R se beredenering ten aansien van die laasvermelde drie anomalieë wat mag ontstaan indien “*waarde*” as standaardwaarde toegepas word in par. 4(1)(b)(i).

- 12.1 ‘n Aspek wat noukeurige oorweging verg wat deur mnr. Lewis in sy aanvullende betoogshoofde te berde gebring is, is die gebruik van die woorde “***geag die som te wees van***”, soos wat dit voorkom in paragraaf 4(1)(b) van die Eerste Bylae. Mnr. Lewis doen aan die hand dat die woorde “*geag te wees*” (“*deemed to be*”) ‘n statutêre fiksie skep, dus ‘n ander waarde

as die werklike waarde (markwaarde) daarvan.

Na my mening is daar twee antwoorde op hierdie submitisie, eerstens – wat is die Wetgewer se beweegrede vir die invoeging van 'n statutêre fiksie en tweedens wat is die effek daarvan?

Ek behandel vervolgens hierdie twee aspekte.

- 12.2 In **S v Rosenthal** 1980(1) SA 65(A) te 75G sê Trollip AR die volgende ten aansien van die woorde “*shall be deemed*”: -

“The words “shall be deemed” (“word geag” in the signed, Afrikaans text) are a familiar and useful expression often used in legislation in order to predicate that a certain subject-matter, e.g. a person, thing, situation or matter shall be regarded or accepted for the purposes of the statute in question as being of a particular, specified kind whether or not the subject – matter is ordinarily of that kind.”

Die volgende dictum van Cave R in **R v Norfolk County Council** 65 LT 222, word met goedkeuring aangehaal in **Ex parte Strydom N.O.: In re Central Plumbing Works (Natal) Pty Ltd et al** 1988(1) SA 616(D) te 620 f:

“Generally speaking when you talk of a thing being deemed something you do not mean to say that it is that which it is deemed to be. It is rather an admission that it is not what it is deemed to be and that, notwithstanding it is not that particular thing, nevertheless . . . it is deemed to be that thing.”

Ek het alreeds gewys op paragraaf 3 van die Eerste Bylae se bepalings (sien paragraaf 6 hierbo). Ek herhaal die tweede been daarvan wat tersake is hier:

“. . . en word die waarde van lewende hawe of produkte, soos ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 4 vasgestel **wat aan die begin van die jaar van aanslag besit was en nie van die hand gesit was nie**, as ‘n aftrekking van bedoelde inkomste toegestaan”.

Ek beklemtoon hierdie woorde om uit te wys wat gewoonlik aftrekbaar sou wees, te wete die vorige jaar se endvoorraad wat die nuwe belastingjaar se aanvangsvoorraad daarstel.

Silke on South African Income Tax Memorial Ed., 1989
verduidelik hierdie bepaling as volg te par. 15.6 (p. 15-9): -

“A farmer is therefore obliged at the end of his accounting year to take stock of all the animals and produce on hand. The value of his livestock or produce has to be included in his income for that year, ***becomes the opening stock for the next succeeding year of assessment***, and will be allowed as a deduction from income in that year” (my

beklemtoning).

Normaalweg dus sou die **korrekte feitesituasie** gewees het dat die vorige jaar se endvoorraad die daaropvolgende jaar se aanvangsvoorraad daarstel en moes 'n waardebeplating gedoen word ten einde dit as 'n aftrekking van die inkomste te kan bewerkstellig. Ek wys daarop dat in die geval van 'n beginnerboer dit die voorraad sou wees wat hy besit het en nie van die hand gesit het nie aan die end van die dag voordat hy begin boer het. “*Endvoorraad*” en “*aanvangsvoorraad*” verwys natuurlik hier na daardie lewende hawe en produkte wat besit was en nie van die hand gesit is nie.

Die Wetgewer skep nou egter die statutêre fiksie (“*geag te wees*”) na my mening juis om daardie voorraad (lewende hawe en produkte) wat verkry word gedurende die jaar van aanslag anders as by wyse van aankoop of natuurlike aanwas of in die gewone loop van boerdery by die berekening in te sluit (“*die som van*”).

Die onderliggende rede vir die insluiting van hierdie lewende hawe en produkte by die berekening is na my mening omdat die Wetgewer wou verseker dat die aanwinste (lewende hawe en produkte) wat die boer toeval en wat nie uit sy normale boerderybedrywighede genereer word nie, nie belas word tydens daardie belastingjaar nie. Voorbeelde van sulke aanwinste is erflatings en skenkings wat as 'n reël nie belasbaar is nie.

Myns insiens volg dit nie, soos wat deur mnr. Lewis gesubmitteer is,

dat hiermee noodwendig 'n ander waarde as die werklike waarde (markwaarde) beoog word deur die skepping van die statutêre fiksie nie. Ek meen dat sy argument heeltemal buite die oog verloor dat “*geag te wees*” nie betrekking het op die waardes vervat in subitems (a)(i) en (b)(i) van paragraaf 4(1) nie. Dit het veel eerder betrekking op die “*waardes van lewende hawe en produkte wat aan die begin van 'n jaar van aanslag besit word en nie van die hand gesit is nie*” (d.w.s. aanvangsvoorraad) in die aanhef van paragraaf 4(1). Die statutêre fiksie slaan dus nie op “*waarde*” van lewende hawe in subitems (a)(i) en (b)(i) nie, maar op die bepaling van die waarde van die aanvangsvoorraad.

Ek is van mening dat gekyk moet word verder na die effek van dié statutêre fiksie.

12.3 Daar is geen mistieke towerkrag in die woorde “*geag te wees*” of “*deemed to be*” opgesluit nie. Trollip AR stel dit só in **S v Rosenthal** (*supra*) te 75H: “*The expression has no technical or uniform connotation. **Precise meaning, and especially its effect, must be ascertained from its context and ordinary canons of construction*** (my beklemtoning).

Word die “*ordinary canons of construction*” toegepas, is ons terug by Steenkamp R se benadering *a quo*, welke benadering ek alreeds as navolgenswaardig bevind het.

12.3 Verder moet deeglik in gedagte gehou word dat:

“*The intention of a deeming provision, in laying down an*

hypothesis, is that the hypothesis shall be carried as far as necessary to achieve the legislative purpose, but no further”:-

Bennion ***Statutory Interpretation*** 3de uitgawe, par. 304 te 736, met goedkeuring aangehaal in: ***Mouton v Boland Bank Ltd*** 2001(3) SA 877 (HHA) te 882 I.

Ek het alreeds aangedui wat die werklike beweegrede van die Wetgewer was deur die skepping van die statutêre fiksie. Verder is die gewone, alledaagse betekenis van “*waarde*” markwaarde, as die gewone reëls van uitleg toegepas word. Derdens het die hipotese (fiksie) sy wetgewende doelwit verwesenlik, te wete die insluiting van ander aanwinste van die boer as deel van sy aftrekkings.

Vir hierdie redes kan die statutêre fiksie na my mening nie so ver gevoer geword dat die Wetgewer bedoel het om ‘n ander waarde as die werklike waarde (markwaarde) te skep nie.

13. ‘n Verdere rede waarom, na my mening, “*waarde*” in subitem (i) van paragraaf 4(1)(b) nie anders as “*markwaarde*” kan beteken nie is die volgende:-

13.1 Dit is gemene saak dat paragraaf 5(1) ten doel het dat endvoorraad wat lewende hawe aanbetref (d.w.s wat aan die end van die jaar van aanslag besit word en nie van die hand gesit is nie) se waarde op standaardwaarde bereken moet word.

13.2 Dit is insiggewend dat die Wetgewer in paragraaf 5(1)(b)

die woorde . . . “*wat aan die **end van die jaar van aanslag** eindigende op 28 Februarie 1983 of ‘n daaropvolgende jaar van aanslag besit word.* . . . “ gebruik (my beklemtoning).

13.3 In paragraaf 4(1)(a)(i) word die voorafgaande woorde wat ek beklemtoon het, herhaal – hierdie subitem het natuurlik betrekking op ‘n bestaande boer.

13.4 Dit is verder insiggewend dat die Wetgewer in paragraaf 4(1)(b)(i) wat betrekking het op ‘n beginnerboer, nie die voormelde woorde gebruik nie. Die Wetgewer verwys eerder na “ . . . *wat hy **aan die end van die dag wat die datum onmiddellik voorafgaan waarop hy aldus begin of weer begin (boer) het.*** . . . “ (my beklemtoning).

13.5 Na my mening is die verskil in woordgebruik juis omdat ‘n beginnerboer nie ‘n endvoorraad het nie. Waarom moet hy dus wat “*waarde*” betref, oor dieselfde kam (“*standaardwaarde*”) geskeer word as die bestaande boer?

Dit sou die onhoudbare situasie skep dat:-

- a) die beginnerboer nooit die geleentheid sou kry om sy ware insetkoste (markwaarde) af te trek vir belastingdoeleindes nie; en
- b) dat hy uiteindelik twee keer belas kan word (bv. wanneer hy ophou boer).

14. Laastens handel ek met twee verdere submissies wat verskyn in mnr. Lewis se aanvullende betoogshoofde.

14.1 Mnr. Lewis het aanvanklik die submissie gemaak dat die woorde “*behalwe lewende hawe of produkte in subitem (i) bedoel*” in paragraaf 4(1)(b)(ii) spesifiek die woord “*waarde*” soos dit in paragraaf 4(1)(b)(i) verskyn, uitsluit van die begrip “*markwaarde*”. Hierdie aspek is volledig met mnr. Lewis beredeneer tydens sy betoog en hy het uiteindelik toegegee dat die uitsluiting in paragraaf 4(1)(b)(ii) nie val op “*waarde*” nie, maar eerder op tipe lewende hawe of produkte. Die uitsluiting is daarin geleë dat lewende hawe of produkte in paragraaf 4(1)(b)(ii) verkry word anders as in die boer se gewone boerderybedrywighede; dit sal dus uitgesluit word ooreenkomstig die **Koster** – saak, *supra*.

Ek meen dus dat ons met veiligheid hierdie submissie ter ruste kan lê.

14.2 ‘n Verdere submissie word gemaak dat, aangesien paragraaf 4(1)(b) bepaal dat die waardes die som sal wees van twee waardes (dié in subparagraaf (i) en subparagraaf (ii)), word veronderstel dat die waardes in die onderskeie subparagraawe vervat, nie dieselfde sal wees nie. Luidens hierdie argument kan die waarde in subparagraaf 4(1)(b)(i) dus nie anders as standaardwaarde wees nie, aangesien subparagraaf 4(1)(b)(ii) pertinent verwys na “*markwaarde*”.

Hierdie argument verloor uit die oog dat daar waardes

geplaas moet word op twee verskillende items, nl. handelsvoorraad (lewende hawe of produkte) wat dien as aanvangsvoorraad en bates (lewende hawe of produkte) wat verkry word gedurende die jaar van aanslag **anders** as deur gewone, natuurlike aanwas of deur aankoop. Dus is die verskil nie noodwendig te vinde in die onderskeie **waardes** nie, maar eerder in die onderskeie **items**.

Gevolgtik is daar, myns insiens, geen meriete in hierdie submissie nie.

15. Ek is nie oortuig dat Steenkamp R verkeerd was in sy beslissing nie, gevolglik sou ek die appèl met koste afwys.

S.A. MAJIEDT
REGTER

Ek stem saam en dit word so gelas.

A.J. Du. P BUYS
REGTER

Ek stem saam.

F.D. KGOMO
REGTER

Nms. Appellant: Adv. A.J. Lewis
Nms. Respondent: Adv. J.G. Van Niekerk
Datum van verhoor: 21-05-2001
Datum van uitspraak: 19-10-2001